# HOOFSTUK 7

# SIEKTES EN STERFTES IN DIE PIETERSBURGSE KONSENTRASIEKAMP

"Na die vrede het ons almal weer huis toe gegaan,
behalwe die vele siekes wat in Pietersburg begrawe lê"

Mevrou L. Alberts.[1]

## 7.1 DIE AANTAL SIEKES


Met die opening van die kamp op 11 Mei 1901 was daar alreeds baie van die 1113 inwoners siek. Die meeste kampinwoners was vanaf malariadistrikte afkomstig en as gevolg van al hul ontberinge en gebrek aan voedsame voedsel en behoorlike kleding voordat hulle in die kamp opgeneem is, het baie mense weer 'n aanval van koors gekry. Diarree het onder die kampinwoners voorgekom wat ook aan 'n tekort aan voedsame voedsel toegeskryf kan word. Verder het die verandering in klimaat vanaf 'n warmer Laeveld na 'n kouer Pietersburg baie mense siek gemaak en veral brongiale infeksies veroorsaak.[2]

Tabel III toon die aantal inwoners en die gemiddelde getal siekes per dag vir die maande Junie 1901 tot Januarie 1902 aan. Daar is nie volledige gegewens vir Mei 1901 en Februarie 1902 beskikbaar nie aangesien die kamp eers gedurende Meimaand gestig is en vroeg in Februarie 1902 na Colenso verskuif is. Die tabel sowel as die grafiek toon egter 'n duidelike styging in die siektesyfer aan vir die eerste paar maande van die kamp se bestaan. Julie 1901 was die maand met die grootste gemiddelde getal

[1] M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe gedurende die Tweede Vryheids Oorlog tussen Boer en Brit van 1899 tot 1902, p.62.

[2] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps in the Transvaal, Orange River Colony and Natal, November 1901, p.70, 6th June 1901, Pietersburg, Medical Report.

Grafiek 1: Gemiddelde aantal siekes per dag vir die maande Junie 1901-Januarie 1902



siek mans en vrouens. Die gemiddelde aantal siek kinders per dag bereik gedurende Augustus 1901 'n rekord wanneer daar daagliks gemiddeld 280 kinders (19,08%) siek is.

TABEL III: DIE AANTAL INWONERS EN DIE AANTAL SIEKES IN DIE PIETERSBURGSE KONSENTRASIEKAMP VIR DIE MAANDE JUNIE 1901 TOT JANUARIE 1902[3]

| MAAND | AANTAL INWONERS | | | | GEMIDDELD SIEK PER DAG | | | | PERSEN-TASIE |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | TOTAAL | MANS | VROU-ENS | KIND-ERS | TOTAAL | MANS | VROU-ENS | KIND-ERS | |
| 30.6.1901 | 3 145 | 873 | 982 | 1 290 | 320 | 95 | 107 | 118 | 10.17 |
| 31.7.1901 | 3 307 | 894 | 1 079 | 1 334 | 452 | 119 | 141 | 192 | 13.66 |
| 31.3.1901 | 3 713 | 995 | 1 251 | 1 467 | 523 | 105 | 138 | 280 | 14,08 |
| 30.9.1901 | 3 612 | 942 | 1 235 | 1 435 | 390 | 83 | 128 | 179 | 10.79 |
| 31.10.1901 | 3 593 | 907 | 1 249 | 1 437 | 344 | 76 | 126 | 142 | 9.57 |
| 30.11.1901 | 3 583 | 843 | 1 272 | 1 468 | 357 | 73 | 130 | 154 | 9.98 |
| 31.12.1901 | 3 170 | 755 | 1 134 | 1 281 | 319 | 67 | 109 | 143 | 10.00 |
| 31.1.1902 | 2 883 | 561 | 1 097 | 1 225 | 230 | 46 | 87 | 97 | 8.00 |

Dokter Daniel Henderson skryf die geweldige styging in die gemiddelde aantal siekes per dag aan die weer, maselepidemie en afgetakelde gestelle sowel as die gewoontes van die kampinwoners toe. Die siektes wat veral

---

[3] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps in the Transvaal, Orange River Colony and Natal, November 1901, pp.113, 223, 311;
Cd. 853; Further papers relating to the working of the Refugee Camps in the Transvaal, Orange River Colony, Cape Colony and Natal, December 1901, p.34.
Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in South Africa, 1902, p.44.
Cd. 934: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in South Africa, February 1902, p.54.
Cd. 936: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in South Africa, March 1902, p.17.
Cd. 939: Statistics of the Refugee Camps in South Africa, April 1902, p.5.

vanaf Mei tot Augustus 1901 onder die kampinwoners voorgekom het, was malaria, masels, diarree, brongitis en longontsteking.[4]

Vanaf September 1901 was daar 'n daling in die siektesyfer. Dokter Henderson skryf dit toe aan die feit dat die maselepidemie verby was en dat die weer soveel beter was vanaf 20 September na goeie reëns.[5] Gedurende November 1901 het daar weer 'n styging in die gemiddelde aantal siek vrouens en kinders voorgekom. Dié styging is veroorsaak deurdat malaria weer baie voorgekom het na die reëns; masels het onder nuwe inwoners voorgekom en baie mense het diarree gehad as gevolg van die eet van varkvleis en die gebrek aan vars vleis.[6]

Dit is belangrik om te besef dat Tabel III nie 'n presiese beeld van die siektesyfer gee nie aangesien die gemiddeld aangetoon word. Die siektesyfer vir Augustus 1901 sien soos volg daaruit.[7]

| SIEK IN KAMP | MANS | VROUENS | KINDERS |
|---|---|---|---|
| Week eindigende 2 Augustus 1901 | 122 | 171 | 407 |
| Week eindigende 9 Augustus 1901 | 125 | 163 | 408 |
| Week eindigende 16 Augustus 1901 | 99 | 133 | 263 |
| Week eindigende 23 Augustus 1901 | 87 | 103 | 205 |
| Week eindigende 30 Augustus 1901 | 93 | 119 | 217 |

4 Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.70, 6th June 1901, Medical Report; DBC: Director of Burgher Camps, March 1900-August 1905, Band 11, 30th June 1901, Weekly Medical Report; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.262, 263, 31st July 1901, Medical Report; DBC: Director of Burgher Camps..., Band 11, 31st August 1901, Monthly Medical Report.
Aangesien bogenoemde sake en siektes nie net 'n hoë siektesyfer tot gevolg gehad het nie, maar óók 'n hoë sterftesyfer word dit volledig onder punt 7.4 bespreek om te veel herhaling uit te skakel.

5 Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., pp.89, 90, 30th September 1901, Monthly Medical Report.

6 DBC: Director of Burgher Camps..., Band 11, 30th November 1901, Monthly Medical Report.

7 DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report; Cd. 819; Reports on the working of the Refugee Camps..., p.373.

Vir die week vanaf 2-9 Augustus 1901 was daar dus gemiddeld 696 mense siek per dag, met ander woorde 18,74%. En vir dié week was daar gemiddeld 408 kinders (27,81%) siek teenoor die gegewens van Tabel I met 'n gemiddelde van 280 (19,08%) siek kinders per dag.

Die gegewens en siektesyfers is veral insiggewend en betekenisvol wanneer die siektesyfer van die Pietersburgse konsentrasiekamp met dié van 'n paar ander kampe in Transvaal vergelyk word. Dit blyk uit Tabel IV dat die Pietersburgse konsentrasiekamp net gedurende Augustus 1901 nie die hoogste gemiddelde persentasie siekes gehad het nie.[8]

---

8. Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.113, 223, 311;
Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.34;
Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.44;
Cd. 934: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.54;
Cd. 936: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.17;
Cd. 939: Statistics of the Refugee Camps..., p.5.

TABEL IV DIE GEMIDDELDE PERSENTASIE SIEKES PER DAG VIR DIE MAANDE JUNIE 1901 TOT JANUARIE 1902

KAMPE IN TRANSVAAL

| | BELFAST | IRENE | JOHANNES-BURG | KRUGERS-DORP | MIDDEL-BURG | NYLSTR. | PIETERS-BURG | POTCHEF-STROOM | VEREENIG. | VOLKSRUST |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % | % | % | % | % | % | % | % | % | % |
| 30. 6.1901 | 1.82 | 7.35 | 4.08 | - | 6.96 | 2.57 | 10.17 | 4.61 | 0.99 | 3.13 |
| 31. 7.1901 | 1.64 | 8.41 | 0.16 | 0.14 | 9.58 | 3.87 | 13.66 | 2.25 | 1.73 | 4.24 |
| 31. 8.1901 | 3.05 | 6.12 | 0.57 | 2.03 | 11.78 | 9.89 | 14.08 | 1.46 | 17.30 | 11.45 |
| 30. 9.1901 | 3.70 | 7.52 | 1.38 | 4.17 | 1.16 | 4.32 | 10.79 | 1.56 | 5.97 | 9.38 |
| 31.10.1901 | 3.38 | 8.55 | 1.49 | 4.15 | 4.34 | 3.31 | 9.57 | 1.27 | 6.07 | 6.62 |
| 30.11.1901 | 3.12 | 6.80 | 1.24 | 5.01 | 2.79 | 2.78 | 9.68 | 2.27 | 7.02 | 7.16 |
| 31.12.1901 | 3.80 | 6.50 | 1.30 | 4.70 | 2.20 | 1.50 | 10.00 | 1.80 | 7.20 | 7.50 |
| 31. 1.1902 | 4.50 | 7.50 | 1.20 | 3.60 | 1.40 | 4.70 | 8.00 | 1.40 | 5.80 | 7.90 |

Dit is moeilik om te bepaal waarom die kamp so 'n hoë gemiddelde persentasie siekes gehad het. 'n Moontlike faktor kan wees dat die kampe te Irene, Johannesburg, Krugersdorp en Potchefstroom wat reeds teen die einde van 1900 tot stand gekom het teen Junie 1901 al baie probleme opgelos het. Maar aan die anderkant het die Pietersburgse konsentrasiekamp ook 'n hoër gemiddelde persentasie siekes per dag as Middelburg, Nylstroom, Vereeniging en Volksrust wat ook net soos die Pietersburgse konsentrasiekamp gedurende 1901 tot stand gekom het. Verder noem die Dameskomitee dat die Pietersburgse konsentrasiekamp een van die bes bestuurde kampe was van al dié wat hulle besoek het.[9] Die mees waarskynlike rede dan vir die hoë gemiddelde persentasie siekes is die algehele swak gesondheidstoestand waarin die inwoners verkeer het vanweë al die ontberings wat hulle deurgemaak het voordat hulle in die kamp aangekom het en die feit dat so baie siek was aan koors en malaria.[10]

## 7.2 DIE STERFTES IN DIE KAMP

Baie mense was alreeds met hul aankoms in die kamp siek, ander het pas ná hulle aankoms in die kamp siek geword met die gevolg dat die eerste sterftes - 'n man, vrou en vyf kinders - alreeds gedurende Mei 1901 voorkom.[11]

---

[9] Cd. 893: Report on the Concentration Camps in South Africa by the Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War, 1902, p.207, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

[10] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.70, 146, 147: DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th June 1901, Weekly Medical Report.

[11] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.70.

TABEL V DIE AANTAL STERFGEVALLE VIR DIE MAANDE JUNIE 1901 TOT 31 JANUARIE 1902

| OUDERDOM | JUNIE 1901 | | | JULIE 1901 | | | AUG. 1901 | | | SEPT. 1901 | | | OKT. 1901 | | | NOV. 1901 | | | DES. 1901 | | | JAN. 1902 | | | TOTALE | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M. | V. | K. | M. | V. | K. | M. | V. | K. | M. | V. | K. | M. | V. | K. | M. | V. | K. | M. | V. | K. | M. | V. | K. | M. | V. | K. |
| Onder 1 maand | - | - | 4 | - | - | 3 | - | - | 6 | - | - | 4 | - | - | 1 | - | - | 2 | - | - | - | - | - | 2 | - | - | 22 |
| Tussen 1m.-1jr. | - | - | 10 | - | - | 18 | - | - | 21 | - | - | 19 | - | - | 15 | - | - | 10 | - | - | 16 | - | - | 4 | - | - | 113 |
| 1 - 12 jaar | - | - | 17 | - | - | 57 | - | - | 122 | - | - | 43 | - | - | 14 | - | - | 20 | - | - | 34 | - | - | 13 | - | - | 320 |
| 12 - 40 jaar | 5 | 7 | - | 13 | 14 | - | 11 | 16 | - | 4 | 12 | - | 5 | 9 | - | 4 | 8 | - | 3 | 8 | - | 2 | 5 | - | 47 | 79 | - |
| 40 - 50 jaar | 3 | 1 | - | 2 | 1 | - | 3 | 1 | - | - | - | - | 1 | 1 | - | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 10 | 5 | - |
| 50 - 60 jaar | 3 | 4 | - | 3 | 2 | - | 2 | 2 | - | 1 | 3 | - | 1 | 1 | - | - | 1 | - | 2 | - | - | 1 | 2 | - | 13 | 15 | - |
| Totale | 11 | 12 | 31 | 18 | 17 | 78 | 16 | 19 | 149 | 5 | 15 | 66 | 7 | 11 | 30 | 5 | 9 | 32 | 5 | 9 | 50 | 3 | 17 | 19 | 70 | 99 | 455 |
| Aantal per maand | 54 | | | 113 | | | 184 | | | 86 | | | 48 | | | 46 | | | 64 | | | 29 | | | 624 | | |

Uit Tabel V blyk dit duidelik dat die sterftesyfer na Meimaand drasties gestyg het.[12] Augustus 1901 is die "swart" maand wanneer 184 kampinwoners sterf. Die siektes wat so 'n hoë tol gedurende Augustus 1901 geëis het, is masels-brongitis wat 60 lewens neem, masels-longontsteking wat 41 lewens eis, longonsteking-brongitis wat 21 lewens eis en malaria met komplikasies wat 15 lewens neem.[13] Vanaf September 1901 is daar 'n merkbare daling in die sterftesyfer wat aan die beter weersomstandighede en die feit dat daar geen siekte was wat weer epidemiese afmetings aangeneem het nie, toegeskryf kan word. Gedurende Desember 1901 is daar skielik weer 'n styging in die sterftesyfer. Dié styging is veroorsaak deur onder andere kinkhoes wat sewentien lewens geëis het, malaria het weer na reëns voorgekom en het nege lewens geneem en masels het ook weer voorgekom en het agt lewens geëis.[14]

Dié tabel toon ook baie duidelik dat die meeste sterftes onder die kinders voorgekom het. Gedurende Julie 1901 sterf daar uit die 2191 volwassenes

---

[12] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.144, 260;
Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.374; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, Statistical return for month ending August 31st, 1901;
Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.87;
Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.95; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, Statistical return for month ending 30th November 1901;
DBC: Director of Burgher Camps, March-August 1905, band 12, Statistical return for month ending 31st December 1901;
DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, Statistical return for month ending 31st January 1902; FK 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.730.

[13] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.374; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Number of deaths under heads of causes.

[14] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st December 1901, Number of deaths under heads of causes.

35 persone en van die 1538 kinders sterf 78.[15] Augustus 1901 eis natuurlik ook die meeste kinderlewens. Van die 2364 volwassenes sterf 35 en van die 1654 kinders sterf 149.[16] Die Britse owerheid was baie besorg hieroor en Chamberlain stuur 'n telegram aan Milner wat lui: "I am anxious to receive at once by telegraph a statement as to whether the high rates of sickness and mortality in August in the camps ... in the Transvaal at Heidelberg, Pietersburg, and Middelburg have abated, and as to what steps have been taken recently to improve matters and cope the increased mortality from June onwards in the camps generally."[17]

Uit Tabel V blyk dit verder dat die meeste sterftes by kinders op die ouderdom van een tot twaalf jaar plaasgevind het. Vanaf Junie 1901 tot Januarie 1902 het 22 kinders wat jonger as 'n maand was gesterf. Van dié wat tussen een maand en 'n jaar oud was, het 113 gesterf en gedurende hierdie tyd sterf 320 kinders op die ouderdom van een tot twaalf jaar.

Die hoë kindersterftes is beslis onder andere veroorsaak deur kindersiektes soos veral masels. Die kinders se gestelle is afgetakel en verswak deur masels en wanneer 'n kind dan nog brongitis, longontsteking, kinkhoes of diarree opgedoen het, was dit fataal. Hoekom soveel kinders op die ouderdom van een tot twaalf jaar sterf, is moeilik om te bepaal weens 'n gebrek aan gegewens. Dis waarskynlik dat die meerderheid kinders in die kamp in hierdie ouderdomsgroep geval het,

[15] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.260.

[16] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.373; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st August 1901, Monthly Report.

[17] Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.22; Chamberlain to lord Milner, November 16th, 1901.

dat hulle nie oor soveel immuniteit beskik het nie en dat hulle ook meer blootgestel was aan wind en weer.

Dis moeilik om te bepaal presies hoeveel persone in die Pietersburgse konsentrasiekamp gesterf het. Volgens Tabel III het 624 persone vanaf Junie 1901 tot 31 Januarie 1902 gesterf. Gedurende Mei 1901 het sewe mense gesterf en dit gee dus 'n groot totaal van 631. Vir Februarie 1902 word daar geen sterftesyfer aangegee nie. Die Korte geschiedenis noem vir die tydperk vanaf 11 Mei 1901 tot 23 Januarie 1902 die name van 647 mense. Dit is sestien meer as die amptelike syfer van 631 wat in die Britse Blouboeke aangegee word. Dan noem die Korte geschiedenis nog nege name van mense wat in Februarie 1902 gesterf het, geen name vir Maart, April en Mei 1902 nie en slegs die naam van een persone wat in Junie 1902 gesterf het. Dus noem laasgenoemde bron 657 sterftes.[18]

In Maart 1972 was daar 613 graftes waar skynbaar slegs een persoon elk in begrawe is, 29 graftes waar twee persone in begrawe is en twee graftes waar drie persone in begrawe is, en dit gee 'n totaal van 646. Dis egter afleidings van die grafte se uiterlike voorkoms en daar is ook oop plekke tussen die grafte waar daar sekerlik ook nog grafte is.[19]

Die konsentrasiekamp te Pietersburg het dus 'n swaar tol geëis en dat die siekte- en sterftesyfer verskriklik was, behoef geen betoog nie.

---

[18] Generaal C.F. Beijers, Korte geschiedenis van het konsentrasie-kamp te Pietersburg, Zoutpansberg en naamlijst van der 650 vrouwen en kinderen aldaar gestorven van 11 Mei 1901 tot 30 Januari 1902, pp.5-15.

[19] S.J. Lee, Die Pietersburgse konsentrasiekamp en kampkerkhof, p.13.

## 7.3 DIE SIEKTES WAT IN DIE KAMP VOORGEKOM HET EN DIE SIEKTES WAT DIE MEESTE LEWENS GEËIS HET

Die siektes wat in die Pietersburgse konsentrasiekamp voorgekom het, het onder normale omstandighede ook in enige gemeenskap van daardie tyd voorgekom. Die feit dat van die siektes so baie lewens geneem het, kan egter beslis aan die kampe en omstandighede aldaar toegeskryf word.

Op die volgende tabel word die siektes wat die algemeenste in die kamp voorgekom het aangedui, asook die aantal lewens wat dit geëis het. Die siektes wat nie genoem word nie was min in voorkoms en het ook onder normale omstandighede onder enige gemeenskap van daardie tyd voorgekom.

**TABEL VI: DIE VERSKILLENDE SIEKTES WAT IN DIE PIETERSBURGSE KONSENTRASIEKAMP VOORGEKOM HET EN DIE AANTAL LEWENS WAT DIT VIR DIE MAANDE JUNIE TOT OKTOBER 1901 GEËIS HET[20]**

| SIEKTES WAT IN DIE KAMP VOORGEKOM HET | JUNIE 1901 | JULIE 1901 | AUG. 1901 | SEPT. 1901 | OKT. 1901 | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Masels | - | 27 | 3 | 1 | 3 | 34 | |
| Masels-diarree | - | 2 | 8 | - | - | 10 | |
| -stuipe | - | 2 | - | - | - | 2 | |
| -kroep | - | 3 | 6 | 1 | - | 10 | 201 |
| -longontsteking | - | 34 | 41 | 3 | - | 78 | |
| -brongitis | - | - | 60 | 7 | - | 67 | |
| Diarree | 5 | 1 | 7 | 19 | 3 | 35 | |
| Disenterie | 1 | - | - | - | - | 1 | |
| Longontsteking en brongitis | 14 | 6 | 21 | 26 | 8 | 75 | |
| Wan- of ondervoeding | - | 1 | - | 2 | 4 | 7 | |
| Ingewandskoors/ tifuskoors | 1 | - | - | - | - | 1 | |
| Nierontsteking (nefritis) | - | 1 | - | - | - | 1 | |
| Kinkhoes | - | - | - | - | 1 | 1 | |
| Griep-longontsteking | 2 | 2 | 1 | - | - | 5 | |
| Enteritis (ingewands- of dermontsteking) | - | 1 | - | - | - | 1 | |
| Marasmus (uittering) | - | 4 | 7 | 4 | - | 15 | |
| Tandekry - diarree of stuipe | - | 2 | 1 | 1 | 7 | 11 | |
| Hartprobleme | 4 | - | - | - | - | 4 | |
| Malaria | 14 | - | 1 | 1 | 4 | 20 | |
| Malaria - uitputting | - | 3 | - | - | - | 3 | |
| - diarree | - | 1 | 5 | 3 | 3 | 12 | |
| - longontsteking | - | 3 | 1 | 1 | 2 | 7 | 71 |
| - uittering/ longtering | - | 1 | - | 2 | 5 | 8 | |
| - verswakking | - | 10 | 8 | 1 | 2 | 21 | |
| Tering (phthisis) | 2 | - | 1 | - | - | 3 | |
| Buikvliesontsteking (Peritonitis) | 1 | - | - | - | - | 1 | |
| Bevalling | 1 | - | - | - | - | 1 | |
| Cancrum Oris (Sere) | 1 | - | - | 1 | - | 2 | |
| Ouderdom | 1 | - | 2 | - | 1 | 4 | |
| Stuipe | 1 | - | 1 | 1 | - | 3 | |
| Kroep | - | - | 2 | 1 | - | 3 | |
| Gastro-enteritis | - | - | 1 | - | - | 1 | |
| | | | | | | 447 | |

[20] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.144; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, Statistical return for month ending 30th June 1901; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.260; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.374; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, Statistical return for month ending August 31st, 1901. Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.87; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, Statistical return for month ending 30th September 1901. Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.95.

Uit die tabel blyk dit duidelik dat masels en masels met komplikasies die meeste lewens geëis het gedurende die vyf maande vanaf Junie tot Oktober 1901, naamlik 201. Uit 'n totaal dus van 480 sterf 41,87% aan masels of masels met komplikasies. Longontsteking en brongitis eis 75 lewens (15,62%) en malaria met komplikasies het 71 lewens (14,79%) geëis. Ander siektes wat ook redelik baie lewens geëis het, was diarree 35, en uittering 15.

Vergelyk ons die Pietersburgse konsentrasiekamp met die ander kampe in Transvaal blyk dit duidelik dat die siektes wat ook daar die meeste slagoffers geëis het masels, tifuskoors, diarree, longontsteking, brongitis en kinkhoes was.[21] Dit is egter ook opvallend dat malaria meer lewens in die Pietersburgse konsentrasiekamp (aanvanklik ook Nylstroom) geëis het as in die ander kampe, byvoorbeeld gedurende Desember 1901 sterf elf mense in die Pietersburgse kamp aan malaria, in Mafeking sterf een aan malaria en in die ander kampe in Transvaal sterf niemand aan malaria nie.[22]

Masels was dan ongetwyfeld die siekte wat die meeste lewens geëis het. Dié siekte is in Junie 1901 in die Pietersburgse konsentrasiekamp ingebring deur mense wat vanaf Irene (Pretoria) na dié kamp gekom het. Dokter Henderson het wel probeer om die eerste gevalle af te sonder,[23] maar spoedig het die siekte epidemiese afmetings aangeneem. Gedurende die week wat op 2 Augustus 1901 geëindig het, was daar 63 sterfgevalle.

[21] Cd. 936: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.16; Cd. 934: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.53.

[22] Cd. 936: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.16.

[23] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.146.

Hiervan was veertien volwassenes en agt van die veertien het aan masels gesterf. 49 Kinders sterf gedurende hierdie week en 43 uit die 49 sterf aan masels. Dokter Kendal Franks meld dan ook: "The type is a bad one. Many of the cases seem to develop a low form of double pneumonia at the same time as the rash, and die off before the pneumonia has passed the first stage." Hy skryf die die hoë sterftesyfer aan die moeders se agtelosigheid en onkunde toe.[24]

Die mense het egter nie net aan masels beswyk nie. Uit Tabel IV blyk dit ook baie duidelik dat 'n persoon dikwels saam met masels longontsteking of brongitis opgedoen het en dan was so 'n persoon te swak om te oorleef.

Die voorkoms van masels as siekte het weinig met die kamplewe as sodanig te make. Dat dié siekte egter epidemiese afmetings aangeneem het, hou wel verband met die kamplewe. Die eerste maselgevalle kon nie behoorlik geïsoleer word nie, die plaaskinders het omtrent oor geen immuniteit beskik nie en gedurende Julie 1901 het stofstorms die toemaak van die tente genoodsaak wat ook meegehelp het dat dié aansteeklike siekte vinnig versprei het. Die swak behuising, gebreke in die voedselrantsoene en 'n tekort aan mediese hulp het dikwels veroorsaak dat allerlei komplikasies ingetree het wat dan 'n maselpasiënt se dood veroorsaak het.[25]

Malaria was kenmerkend van die Pietersburgse konsentrasiekamp. Baie van die inwoners, veral dié afkomstig van die Laeveld was alreeds siek aan malaria toe hulle in die kamp aangekom het, byvoorbeeld uit 'n groep

[24] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.218, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

[25] J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.208.

van 21 persone wat by Pietersburg oorgegee het, het agt op pad aan malaria gesterf, een het dood in die wa gelê met hul aankoms te Pietersburg en ses het kort na hul aankoms gesterf. Een van die vrouens in die kamp het ook aan die Dameskomitee gemeld dat twaalf van haar agtien kinders in die Waterberg-distrik gesterf het voordat sy kamp toe gekom het.[26]

Net soos masels het malaria 'n persoon se gestel geweldig afgetaken en dan het ander siektes soos diarree of longontsteking ook ingetree wat uiteindelik die persoon se lewe geëis het.

Vanaf Augustus 1901 het malaria minder straf onder die inwoners voorgekom. Na goeie reëns vroeg in Oktober 1901 het malaria weer voorgekom by inwoners wat dit vroeër gehad het. Kenmerkende simptome was dan 'n hoë koors en 'n gevoeligheid en vergroting van die milt.[27] Gedurende Desember 1901 sterf daar weer nege mense aan malaria en diarree wat daarmee gepaard gegaan het.[28]

Longontsteking en brongitis het vanaf Junie 1901 tot Oktober 1901 75 lewens geëis. Longontsteking en brongitis het ook as komplikasie ingetree nadat 'n persoon ander siektes opgedoen het. Uit Tabel VI blyk dit duidelik dat masels-longontsteking 78 lewens geëis het, masels-brongitis het 67 lewens geëis, griep- longontsteking het vyf lewens geëis en

---

[26] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.208, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

[27] Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.97; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st October 1901, Monthly Medical Report.

[28] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 31st December 1901, Monthly Medical Report.

malaria-longontsteking het sewe lewens geëis. Hierdie twee siektes hou beslis direk verband met die kamp omdat dit die noodwendige gevolge van swak behuising, kleding en verswakte gestelle was.[29] Die Pietersburgse klimaat het gewissel van baie warm na baie koud en baie winderig, en die tentbehuising sowel as die uitgaan na die toilette het belis bygedra tot die verergering van die siektes.[30]

Diarree het vanaf die ontstaan van die kamp voorgekom en het tot aan die einde voortgeduur. Baie persone het as gevolg van die baie ontberinge en swak voeding in die Laeveld reeds siek aan diarree die kamp ingekom.[31] Diarree het veral by kinders wat deur 'n ander siekte soos masels en malaria verswak was, voorgekom,[32] maar dit was beslis ook die gevolg van swak voeding.[33]

## 7.4 OORSAKE VIR DIE HOË SIEKTE- EN STERFTESYFER

Dis baie moeilik om die oorsake van die hoë siekte- en sterftesyfer te bepaal. Baie teenstrydige uitsprake is van tyd tot tyd gegee.

---

[29] J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.202.

[30] Sien hoofstukke 3 en 4. Die klimaat van Pietersburg word ook onder 7.4 as oorsaak van die sterftes behandel.

[31] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.70.

[32] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.376.

[33] Cd. 853: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.90; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th September 1901, Monthly Medical Report.

Mevrou Hofmeyr skryf in 1902: "Under their skilful doctors and good treatment our defenceless women and children died by the hundred! Our life there was a Mara - nothing but bitterness."[34]

Lord Milner skryf op 20 November 1901 aan die Militêre Goewerneur in Pretoria in verband met die gesondheidstoestande in die kampe en van die inwoners dat hulle (die owerheid) nie verantwoordelik is vir die ontstaan van die swak toestande in die kampe nie, maar dat hulle wel verantwoordelik is vir die voortduur van die toestande. En hy wyt ook die hoë sterftesyfer aan die feit dat baie van die mense alreeds baie verswak was as gevolg van baie ontberinge wat hulle moes deurmaak voordat hulle kamp toe gekom het en dat hulle dan baie maklik siektes opgedoen het wat hulle nie kon oorleef nie.[35]

Die Algemene Superintendent, W.K. Tucker, skryf 19 Desember 1901 dat dit onmoontlik is om te bepaal in hoeverre die opeenhoping van die mense in die konsentrasiekampe verantwoordelik is vir die hoë sterftesyfer in die kampe. Hy sê dat heel waarskynlik sou siekte-epidemies en hongersnood die mense afgemaai het as hulle op hul verwoeste plase sou agtergebly het, maar hy sê ook aan die anderkant het die omstandighede waaronder die kampe gevorm is, al die probleme wat ondervind is en die tyd wat dit geneem het om die toestande in die kampe te verbeter ook bygedra tot die hoë sterftesyfer.[36]

---

[34] E. Hobhouse, War without glamour of women's war experiences written by themselves 1899-1902, p.106.

[35] Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.8, November 20th, 1901, Lord Milner to Military Governor.

[36] Cd. 934: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.50, December 19th, 1901, W.K. Tucker to the Military Governor.

Sue Nicholson van Matiebaskraal, Pietersburg, het weer gevoel dat hulle op hul plase sou kon oorleef het en sy skryf na die oorlog dat as sy net op haar plaas kon aanbly, sou sy met die bietjie wat sy op haar plaas oorgehou het asook met haar tuin 'n familie van tien tot selfs twintig kon versorg het tot aan die einde van die oorlog.[37]

Tucker het verder ook die oorsaak vir die hoë sterftesyfer in die samestelling van die kampbevolking gesoek: "The Camps thus contain families many of which are highly respectable and of the best type of Boer, but by far the greater number are of the bywoner class, and those that have sunk lowest in the social scale of people. It is the latter description that has given the most trouble in the camps, that defies all laws of hygiene, that is steeped in prejudice and ignorance, that rejoices in filth and delights in disobeying all sanitary regulations, and practises all manner of abominations with a cunning that defies detection."[38]

Kolonel S.J. Thomson, direkteur van die kampdepartement gedurende 1902, het na die oorlog gesê dat masels beslis 'n oorsaak vir die hoë sterftesyfer was. Masels het nooit in epidemiese afmetings onder die Boerevolk voorgekom nie omdat hulle hoofsaaklik pastoraal was en groot afstande hulle van mekaar geskei het. In die kampe het hulle voortdurend onder ongunstige omstandighede kontak met mekaar gehad, hul oorgeërfde immuniteit het nie gehelp nie en groot en klein het die siekte opgedoen. Die siektes wat op masels gevolg het, was dodeliker in die kamp as wat dit in 'n beskutte en warmer omgewing sou gewees het. Hy weerlê die

---

[37] E. Hobhouse, *War without glamour...*, p.51.

[38] Cd. 934: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.50, December 19th, 1901, W.K. Tucker to Military Governor.

bewerings van persoonlike onhigiëne en noem dat toe die badplekke in die kampe opgerig is, dit vrylik en gereeld gebruik is.[39]

C. Searle noem dat die hoë sterftesyfer veroorsaak is deur 'n onvoorbereidheid aan die kant van die owerhede om soveel mense te huisves en te versorg; die kampbehuising; die bekwaamheid en die persoonlikheid van die superintendent; die kamphigiëne; 'n tekort aan essensiële voorrade; die plaaskinders se swak immuniteit teen aansteeklike siektes; 'n tekort aan mediese personeel en die kampinwoners wat aan hulle eie medisyne bly vasklou het.[40]

Die Fawcett-kommissie kom in paragraaf 28 van hulle algemene verslag oor die konsentrasiekampe tot die gevolgtrekking dat die oorsake vir die besonder hoë sterftesyfer onder drie hoofde saamgevat kan word:

- Die onhigiëniese toestande van die land as gevolg van die oorlog.
- Oorsake wat binne beheer van die kampinwoners self gelê het.
- Oorsake wat binne die beheer van die kampowerheid en kampadministrasie was.[41]

Bogenoemde drie oorsake van die hoë sterftesyfer kan soos volg uiteengesit word: Die Fawcett-kommissie het bevind dat die hele land deur die oorlog in 'n toestand van ongesondheid gedompel is. Riviere, slote, die veld en die lug is besoedel deur die dooie diere, lyke van mense en

---

[39] J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, pp.219, 220.

[40] C. Searle, The history of the development of nursing in South Africa 1652-1960 (A socio-historical survey), pp.211- 220.

[41] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.14; Concentration Camps Commission, General Report, December 12th, 1901.

ander afval. Stofstorms het dan veral die kieme oor die hele land versprei. Gedurende oorloë is die sterftes onder soldate as gevolg van siektes twee vir elke een wat aan wonde beswyk en daarom kan verwag word dat vrouens en veral kinders slagoffers sou word van hierdie onhigiëniese toestande.[42]

Die oorlog het ook veral die land se voedselproduksie geraak. Veral in sekere distrikte was daar geen vars vleis, vars melk, vars groente of vrugte verkrygbaar nie. As gevolg hiervan het die mense se algemene gesondheidtoestand verswak en hulle weerstand teen siektes afgeneem. "Wherever a community of little children is found who have to be fed without fresh milk, fresh vegetables, or eggs, and sometimes without fresh meat, then a high death-rate will follow as certainly as night will follow day."[43]

Die volgende oorsaak van die hoë sterftesyfer het binne die kampinwoners se beheer geval en het veral verband gehou met hul persoonlike higiëne, gewoontes en algemene gesindheid.[44]

Laastens het die Britse administrasie van die kampe ook bygedra tot die hoë sterftesyfer onder die mense. Volgens die Fawcett-kommissie lê die Britse administrasie se skuld eerstens in die oorbevolking wat toegelaat is. Die militêre owerheid het die kampe op militêre grondslag opgerig. In 'n militêre kamp maak tydelike oorbevolking van tente nie saak nie

---

[42] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.14, Concentration Camps Commission, General Report, December 12th, 1901.

[43] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.15, Concentration Camps Commission, General Report, December 12th, 1901.

[44] Die gewoontes en higiëne van die Pietersburgse kampinwoners word op p.148 bespreek.

aangesien dié kampe voortdurend verskuif word, maar die konsentrasiekampe het vir maande en selfs jare op een plek gestaan. Vir die weermag is 16 persone in 'n ronde tent toelaatbaar, maar in 'n konsentrasiekamp word meer as vyf persone per ronde tent as oorbevolk beskou.[45] In die Pietersburgse konsentrasiekamp was daar gemiddeld vyf persone in 'n ronde tent, twaalf in die mediumgrootte markeetent en twintig persone in 'n groot markeetent.[46]

Die Fawcett-kommissie wys ook daarop dat daar nie voldoende voorsiening gemaak is vir die feit dat 'n dieet sonder vars melk, groente en vleis 'n verlagende weerstandsvermoë tot gevolg sou hê nie.[47] Ons sien hierdie kwessie spesifiek in die Pietersburgse kamp as dokter Henderson meld dat seervorming en ettering by talle inwoners vorgekom het omdat die mense slegs blikkiesvleis gekry het en geen groente nie.[48]

Voldoende dokters en verpleegsters moes aan elke kamp toegewys gewees het. Volgens die Fawcett-kommissie was die owerheid veral skuldig omdat hulle nie gesorg het dat daar 'n reserwe-eenheid van dokters en verpleegsters beskikbaar was wat te eniger tyd na enige kamp waar epidemies ontstaan het, gestuur kon word nie.[49] Die Pietersburgse kamp

---

[45] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.17, Concentration Camps Commission, General Report, December 12th, 1901.

[46] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.204, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

[47] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.18, Concentration Camps Commission, General Report, December 12th, 1901.

[48] Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps..., p.97; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 31st October 1901, Monthly Medical Report.

[49] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.18, Concentration Camps Commission, General Report, December 12th, 1901.

het nie oor die dienste van voldoende mediese personeel beskik nie. Juis vanaf Junie tot September 1901 toe die meeste siektes en sterftes voorgekom het, was daar net een dokter in die kamp en die hospitaal kon net 27 pasiënte huisves.[50]

Mevrou J.A. Mollet skryf in haar herinneringe: "Medisyne was daar baie skaars, al was daar ook 'n dokter. Dit het hard gegaan om hom te kry, want gewoonlik as jy hom gaan roep dan word dit gesê dat die dokter op sy rondte is en dat tot die volgende dag gewag moes word, wat menigmaal beteken dat die sieke al dood was as hy kom. Een dokter was maar van weinig nut... Daar was ook 'n staf van verpleegsters, dog hulle was onervare."[51]

Dokter Henderson wat vanaf Mei 1901 tot Februarie 1902 die enigste dokter in Pietersburgse konsentrasiekamp was, skryf die hoë siekte- en sterftesyfer aan die weer, die afgetakelde gestelle sowel as die gewoontes van die kampinwoners toe.

Die weer het gedurende die wintermaande 'n groot rol in die kampinwoners se algemene gesondheidstoestand gespeel. Gedurende Junie 1901 was dit met tye baie koud met reën en ryp in die nagte[52] en gedurende Julie 1901 is daar veral uiterstes tussen dag- en nagtemperature beleef.[53] Hierdie

---

[50] Sien hoofstuk 6 in verband met die voorsiening van mediese personeel en dienste.

[51] M.M. Postma, Stemme uit die vrouekampe..., p.25.

[52] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.146, 30th June 1901, Weekly Medical Report; DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th June 1901, Monthly Report.

[53] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.263, 31st July 1901, Medical Report.

weersgesteldheid tesame met die tentbehuising en die feit dat baie mense op die grond geslaap het, die gebrek aan voldoende komberse en klere en die uitgaan in die nag na die toilette het veral baie borssiektes soos brongitis en longontsteking tot gevolg gehad.

Baie van die kampinwoners se gestelle was totaal afgetakel as gevolg van die geweldige ontberings wat hulle deurgemaak het voor hul koms na die kamp. Om 'n idee te vorm van die swak gesondheidstoestand van die mense noem dokter Henderson 'n enkele voorbeeld van 'n groep mense wat vir drie maande voor hulle koms na die kamp eers in 'n malaria-distrik rondgeswerf het. Uit die groep van 23 het nege al tydens hulle rondswerwery gesterf en die ander se gesondheid was in so 'n swak toestand dat hy verwag het dat almal sou sterf.[54] Verskeie mense het dus siek of met 'n geweldig afgetakelde gestel die kamp ingekom en het dan kort na toelating gesterf.[55] Diegene wie se gestelle so afgetakel was, het natuurlik wanneer hulle siektes soos masels of longontsteking opgedoen het weinig kans op oorlewing gehad.

Dokter Henderson sowel as dokter Franks, het die Pietersburgse kampinwoners se gewoontes as 'n oorsaak vir die hoë sterftesyfer genoem. Eerstens kla albei oor die moeders se nalatigheid, ongehoorsaamheid en onkunde. Tydens die maselepidemie het baie volwassenes, ten spyte van die dokter se waarskuwings, na buite gegaan. Baie kinders het saam met die masels ook 'n ligte dubbellongontsteking gekry en dan het baie moeders, sodra die maseluitslag weg was, die kind laat uitgaan in die

---

[54] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.263, 31st July 1901, Medical Report.

[55] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.146, 147, 30th June 1901, Weekly Medical Report.

koue en stofstorms en dit was dan fataal. Dokter Henderson kla ook dat die Boere tydens siektes net geglo het om water te drink en dan nie gewas het nie. Met sekere brongiale infeksies was die gebruik van 'n pap noodsaaklik wat die vrouens dan nie gedoen het nie. Die twee dokters het ook die dieetgewoontes van die Boervrou as skadelik beskou, veral by diarreegevalle. Alhoewel die dokter brandewyn, portwyn, maizena en sop voorgeskryf het, het van die vrouens nogtans 'n kind met diarree en naarheid sardiens en Chinese vye gegee.[56]

Hy kla ook dat behalwe dat die inwoners nie hospitaal toe wou gaan nie, hulle ook nog hulle eie behandelings gehad het, naamlik, "each and every one had their own particular treatment, and from the filthy decoction of goat droppings in oil, and all the ordinary Dutch remedies, as well as a liberal supply from out "Apotheek", all had a turn."[57]

Laastens het hy ook gewys op die inwoners se persoonlike higiëne as oorsaak van die sterftes: "The mothers do not seem to recognise the altered conditions, and that they are now living a more artificial or town life than they have been used to and that the sanitary conditions differ somewhat when 4000 people are living in a comparatively small area to what it is when only a dozen or so are living on a farm."[58]

---

[56] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.263, 31st July 1901, Medical Report; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.218, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

[57] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.263, 31st July 1901, Medical Report.

[58] DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November 1901, Report by medical officer.

Dokter Henderson het gevoel dat die voorkoms van siektes en sterftes nie aan die kamptoestande toegeskryf kan word nie.[59] Maar soos reeds aangetoon het van die kamptoestande soos die tentlewe en die gebreke in die dieet wel 'n bydrae gelewer tot die siekte- en sterftesyfer.

## 7.5 SAMEVATTING

Wanneer die Pietersburgse konsentrasiekamp met die ander kampe in Transvaal vergelyk word, blyk dit dat dié kamp van die hoogste siektesyfers gehad het. Ofskoon faktore soos die maselepidemie, die gebreke in die dieet en die tentbehuising tesame met die weerstoestande 'n groot rol in die hoë siektesyfer gespeel het, het die kampinwoners se geweldige ontberinge voor hul opname in die kamp hulle algemene gesondheidstoestand baie verswak wat die hoë siektesyfer tot gevolg gehad het.

Gedurende die volle duur van die Anglo-Boereoorlog het slegs 3990 burgers aan Boerekant op die slagveld gesneuwel, terwyl minstens 631 persone in die Pietersburgse konsentrasiekamp gesterf het. Dié kamp het dus 'n hoë tol geëis en die hoë sterftesyfer kon veral aan die volgende oorsake toegeskryf word:

- Die onhigiëniese toestand van die land as gevolg van die oorlog.
- Die onhigiëniese gewoontes van sekere inwoners van die kamp.
- Die gebrekkige beheer van die kampadministrasie wat onder andere die gebrekkige dieet en die onvoldoende mediese personeel en -dienste insluit.

---

[59] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.376, 377, 31st August 1901, Monthly Medical Report.

- Die maselepidemie.
- Die weer.
- Die afgetakelde gestelle van die kampinwoners.